## 10 Desember 2021 - Lesing 6 - Die verskuilde "donkie/esel" simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

### Die Boek van Herinnering word as Volksfondament opgerig deur die Dogter van Sion in 1998-2002

### Sagaria 9:14-17

*14 Dan sal JaHWeH oor hulle verskyn, en soos weerlig sal Sy pyl uitskiet; en My Meester JaHWeH sal met die ramshoring blaas en intrek met die storms uit die suide (**vanuit die Suidland, Suid-Afrika**).*

*15 JaHWeH van die skeppings-leërmag sal hulle beskut; en hulle sal verslind, ja, boustene (**vals Bybels**) vertrap; ook sal hulle drink, 'n gedruis maak soos deur wyn en vol wees soos die sprinkelflesse, soos die hoeke van 'n altaar. [ZekarJaH 5:4]*

*16 En JaHWeH hulle Elohey sal hulle in dié dag verlos as die kudde wat Sy volk is; **want [hulle] verhef die Bousteen van Separatisme (Boek van Herinnering) soos `n banier oor Sy Adamah [die adamiet se Aarde].** [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]*

*17 Want hoe groot is hulle voortreflikheid, en hoe groot hulle skoonheid! Die koring (**suiwer Skrif**) laat jongmanne en die druiwesap (**vars nuwe Gees in die volk**) laat die maagde groei.*

### Jesaja 29

29:1 WEE AriEl, AriEl, **Stad waar Dawid laer opgeslaan het!** Voeg jaar by jaar; **laat die Feeste hulle kringloop volbring** - [Levítikus 25:2; JeshaJaH 63:4; 2 Ezra 4:37]

2 dan sal Ek AriEl **benoud** maak, en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos AriEl wees.

3 En Ek sal in 'n kring teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig.

4 Dan sal jy diep uit die Aarde spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die Aarde opkom soos dié van die gees van 'n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep.

5 Maar die menigte van jou verbasterdes sal word soos dun stof, en die menigte van die tiranne soos kaf wat wegwaai; **en dit sal heeltemal onverwags gebeur**.

6 Vanweë JaHWeH van die skeppings-leërmag sal jy in Barmhartigheid besoek word, met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende Vuur.

7 En soos 'n droom, 'n naggesig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen AriEl, ja, almal wat teen haar oorlog toe trek en teen haar bergvesting en haar benoud maak.

10 Want JaHWeH het oor julle uitgegiet 'n **gees van diepe slaap,** en Hy het julle oë - die profete - toegesluit en julle hoofde - die sieners - toegebind.

11 So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van 'n **verseëlde Boekrol** wat hulle gee aan iemand wat die Boekrol ken, met die woorde: Lees hom tog! Maar hy sê: **Ek kan nie, want hy is verseël.** [Odes van Salomo 23:8; ZekarJaH 5:2]

12 En die Boekrol is aan iemand gegee wat die Boekrol nie ken nie, met die woorde: Lees hom tog! Maar hy sê: **Ek ken nie die Boekrol nie**.

13 En My Meester het gesê: Omdat hierdie volk **nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe**, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde gebod van sterflinge is,

15 Wee hulle wat hulle raad diep verberg vir JaHWeH, wie se werk in Duisternis plaasvind; en hulle sê: **Wie sien ons en wie ken ons?**

17 Sal dit nie nog 'n baie kort rukkie duur dat die Líbanon (**blanke berg**) in 'n vrugteboord verander word, en die vrugteboord vir 'n bos gereken word nie?

18 En in dié dag sal die dowes **woorde van die Boekrol hoor,** en deur donkerheid en Duisternis sal die oë van die blindes kan sien. [Odes van Salomo 23:10; Maleagi 3:16]

19 En die ootmoediges sal Vreugde op Vreugde smaak in JaHWeH, en die behoeftiges onder die adamiete sal **juig in die apartgesteldheid van JisraEl**.

20 Want gedaan is dit met die **tiran**, en klaar is dit met die **spotter**, en uitgeroei is almal wat op ongeregtigheid bedag is -

21 **hulle wat 'n adamiet as oortreder brandmerk ter wille van 'n woord, (APARTHEID)** en strikke span vir hom wat vir die Reg opkom in die Poort, en die regverdige met nietige voorwendsels wegstoot.

22 Daarom, so sê JaHWeH tot die huis van Jakob, Hy wat Abraham verlos het: Jakob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie;

23 want as Hy Sy kinders, die werk van My Hande, in sy midde sien, sal hulle **My Naam apartstel**; en hulle sal die **Aparte Een van Jakob apartstel** en vir die Elohey van JisraEl met ontsag vervul wees; [Maleagi 3:16]

24 en hulle wat dwalende van gees is, **sal Insig verkry**, en die murmureerders sal **lering aanneem**.

### Opdrag van Priesters om Apart te wees

*Exo 39:30 Hulle het ook die plaat van die **separatisme van die Apartheid** van suiwer goud gemaak en daarop geskrywe met letters soos dit op 'n seëlsteen uitgesny word: **APARTHEID AAN JAHWEH**.*

*Exo 39:31 En hulle het 'n koningsblou toutjie daaraan vasgemaak om dit **bo-op die tulband** te bevestig, soos JaHWeH Moshè beveel het.*

*Exo 28:38 So moet hy dan op die voorhoof van Aäron wees, **sodat Aäron die skuld kan dra met betrekking tot die Aparthede wat die kinders van JisraEl sal apart stel** - al hulle apartgestelde(s) [gawes]. En hy moet **voortdurend** op sy voorhoof wees, dat hulle voor die Aangesig van JaHWeH welgevalle mag vind. [Boekrol van die Opregte 23:15]*